

## 30 Oktober - STUUR

**Skrifgedeelte: Johannes 20:19-23**  
**Fokusgedeelte: Johannes 20:21, 22**

**D**ie dissipels was só bang vir die Jode, daar agter die gesluite deure. En toe word hulle so bly toe die opgestane Christus aan hulle verskyn. Hy verdryf hulle vrees met sy herhaalde versekering: "Vrede vir julle!"

Hy breek ook hulle isolasie: stuur hulle uit om aan die wêreld, ja, tot aan die uiteindes van die aarde die evangelie te gaan verkondig: Hy is die Saligmaker; die Versoener van sondes. Hy het die mag van Satan en die dood gebreek. Blye boodskap van verlossing!

Hy stuur hulle soos sy Vader Hom ook gestuur het. Hy 't hulle nou reeds vir drie jaar daarop voorberei. Nou rus Hy hulle ook toe soos sy Vader Hóm toegerus het: ook hulle ontvang die Heilige Gees.

Wat 'n heerlike wete dat "soos die Vader" Hom gestuur het en hulle gestuur het, Hy ons ook stuur. Dít is die sin van ons bestaan. Christenwees beteken immers nie net om sy Náám te dra nie, maar veral om sy roeping in hierdie wêreld te mag en te moet voortsit.

Breek dan uit u vrees vir mense en magte; breek uit u beskroomdheid en gewaande onvermoë. Hoe lank het Hy ons immers al daarvoor voorberei; ons daarvoor toegerus met sy Gees? Ek leef nie meer nie: Christus leef deur die Heilige Gees ín my. Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee!

Daarom moet ons jubelend bly deur woord en lewenswyse, aan elkeen wat God oor my pad bring, verkondig: Hy vergewe die sondes deur Jesus Christus. Gló dit, en jy sal lewe!

Mag vele uitverkorenes by die koninkryk van God gevoeg word, deur ons getrouheid om te gaan waar Hy ons stuur.

*Sing: Skrifberyming 22:9, 10*

*Ds CJ Nagel (Messina)*